


Gebedskrag: Voorbidding vir ander



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Op. 12:7-9, Ef. 6:12, Heb. 7:25, Ef. 1:15-21, Dan. 10:10-14, 1 Joh. 5:14-16.

Geheueteks:

“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking” (*Jakobus 5:16, NAB*).

Die Nuwe Testamentiese gelowiges het vanweë ’n diepe behoefte graag gebid. “Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die Woord van God verkondig” (*Hand. 4:31, NAB*). Kyk wat gebeur hier: die dissipels bid, beleef die uitstorting van die Heilige Gees, en evangeliseer toe vreesloos en met vrymoedigheid.

Hier het ons ’n direkte verband tussen die dissipels wat bid, die uitstorting van die Gees, en die kragtige verkondiging van Gods Woord. “Die dissipels... het nie net gebid om self gesêen te word nie. Sieleredding was vir hulle ’n gewigtige saak. Die dissipels het besef dat die evangelie aan die ganse wêreld gebring moet word, en daarom het hulle gebid dat God die krag wat Christus belowe het aan hulle sou stuur” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 37). Wanneer ’n mens tot God in gebed gaan en vir ander bid (m.a.w. wanneer jy voorbidding doen), werk God in die harte van die bidder. So bring Hy jou nader aan Hom en skenk ’n mens goddelike wysheid om diesulkes vir die koninkryk te bereik (*Jak. 1:5*). Wat meer is, Hy werk op ’n kragtige wyse in die lewe van diegene vir wie jy bid. Hy doen dit ongesiens en op maniere wat ’n mens nie eers verstaan nie, en trek hulle na Hom toe (*1 Joh. 5:14-17*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 Julie.*

'n Kosmiese stryd

Vergelyk Openbaring 12:7-9, Efesiërs 6:12 en 2 Korintiërs 10:4. Hoe beïnvloed hierdie skrifgedeeltes die manier wat ons voorbedding verstaan?

Die Bybel lig die gordyn tussen die sigbare en onsigbare. Daar is 'n groot stryd tussen goed en kwaad. Tussen die magte van geregtigheid en dié van die duister. Tussen Christus en Satan. In hierdie kosmiese stryd respekteer die Here egter die vryheid van die mens om te kies. Hy sal ons nooit manipuleer of dwing nie. Hy stuur dus die Heilige Gees om die mens van die waarheid te oortuig (*Joh. 16:7 en 8*). God se engele tree toe tot hierdie stryd en probeer om mense ter wille van die ewigheid tot beter insigte te bring (*Heb. 1:14*). Die Here bestier dit ook so dat dinge in mense se lewens gebeur om hulle na Hom te lei.

Een ding wat God egter nie bereid is om te doen nie, is om mense te dwing. Geweld strook nie met God en sy koninkryk nie. Dwang is lynreg teen die liefdesbeginsel, wat die grondslag van God se regering is. Dit is hier waar die waarde van gebed aan die lig kom. Hoewel die Here alles in sy vermoë doen om mense te bereik voor 'n mens vir hulle bid, ontketen ons gebede nietemin die krag van ons almagtige Heer. Die Here respekteer ons keuse om voorbedding te doen. Wat meer is, in die lig van die heersende stryd tussen goed en kwaad, kan Hy meer doen as ons wel bid. Om te bid is dus beter as om nie te bid nie. Oorweeg Ellen G. White se woorde in dié verband: "Dit is deel van die Godsplan dat wanneer ons gelowig bid, Hy ons verhoor deur daardie dinge te skenk wat Hy andersins nie sou skenk as ons nie daarvoor gevra het nie" (*The Great Controversy*, bl. 525). In die groot stryd tussen goed en kwaad maak gebed 'n verskil. Wanneer 'n mens vir iemand wat nie die Here ken nie bid, trek dit die sluise oop waarlangs seëninge van Bo hul lewens binnevloei. Die Here eer ons keuse om vir ander te bid, en werk selfs op nog 'n kragtiger wyse ten gunste van hulle.

Wanneer dit by voorbedding kom, moet ons nederig erken dat ons nie die weë van die Here ten volle verstaan nie. Tog behoort dit ons nie af te sit nie. Nee, ons moet voortdurend aktief bid en so die seëninge ervaar wat uit gebed ter wille van self en ander te put is.

Waarom dink jy werk die Here op 'n veel kragtiger wyse wanneer ons bid as wanneer ons versuim om dit te doen? 'n Mens verstaan nie altyd mooi hoe gebed werk nie. Die vraag is net: waarom behoort die Bybelse voorskrif om voorbedding te doen, ons wel daartoe te noop?

Jesus: Die magtige Middelaar

Lees Lukas 3:21, 5:16 en 9:18. Wat leer ons uit hierdie teksverse oor die verband tussen Jesus se gebedslewe en die doeltreffendheid van sy werk tydens sy aardse sending?

Die lewe wat Jesus gelei het, was een van voortdurende gesprekvoering met die Vader. Ten tye van sy doop, toe Hy sy Messiaanse sending van stapel gestuur het, het Hy gebed vir die nodige krag om reg aan die wil en woord van God te laat geskied. So ontvang Hy dus die nodige krag om die Vader se wil te doen en om die taak wat vir Hom voorlê, te volvoer. Hetsy by die voeding van die 5,000 of die genesing van die melaatse man of die bevryding van 'n besetene – het Jesus maar al te goed geweet: in die stryd tussen goed en kwaad is gebed 'n magtige wapen om die bose te verdryf. Gebed is die hemelse manier om ons hulpeloosheid in verbinding met God se almag te bring. Deur gebed word die innerlike na God gevoer, na die enigste wese wat die harte kan aanraak van diegene vir wie ons voorbidding doen.

Lees Lukas 22:31-34 en Hebrëërs 7:25. Watter versekering het Jesus aan Petrus gegee om Hom vir die versoekings wat hom aanstons te beurt sou val, voor te berei? Watter versekering ontvang ons, as moderne gelowiges, te midde van versoeking?

Diegene wat sukses met sielredding behaal, is mans en vroue van gebed. Petrus was in Jesus se gebede. Boonop het Hy aan Petrus die versekering gegee: Ek bid vir jou in die uur van jou grootste versoeking. Satan het al te goed verstaan wat Petrus se potensiaal was, dat hy 'n deuslaggewende rol in die uitbreiding van Gods koninkryk sou speel. Derhalwe het hy alles in sy vermoë gedoen om Petrus se opbouende invloed onder die eerste gelowiges te vernietig. Ten spyte van die versoeking waarmee die dissipel te kampe gehad het, het Jesus nietemin vir Petrus gebed – en sy gebede is verhoor. Dit is voorwaar opwindende nuus, om te hoor en te weet dat die Verlosser vir ons ook bid! Hy nooi ons ook om saam met Hom voorbidding te doen, om vir ons medemens in te tree en hulle sodoende voor die troon van genade te bring. Om in gebed te volhard, is ook 'n belydenis – dat ons te midde van ons uitreikpogings na die persoon vir wie ons bid, totaal van God afhanklik is.

Vir wie bid jy op die oomblik? Waarom is dit so belangrik om nooit op te gee nie, hoe moeilik die situasie ook al mag wees?

Paulus se voorbidding

Voorbidding – d.w.s. om namens, en vir, ander te bid – is ’n bybelse begrip. Neem in ag dat Paulus tydens sy sendingreise heelwat gemeentes op die been help bring het. Dit is vir die bekeerlinge by dié gemeentes dat die apostel gereeld gebid het. Volgens hom het gebed ’n uitwerking gehad. Dinge het gebeur wat nie daarsonder moontlik was nie. Hoewel Paulus dikwels vêr van sy geliefdes in Christus was, het hy besef dat hulle deur wedersydse gebed saamgesnoer kon word.

Lees Efesiërs 1:15-21. Gebruik die lyntjies hieronder en maak ’n lys van al die dinge wat Paulus vir die Here gevra het om vir die Efesiërs te doen. Paulus het ook vir iets spesifiek gevra. Wat was dit?

Paulus se voorbidding vir die Efesiërs is besonders. Hy bid dat hulle wysheid en geestelike onderskeidingsvermoë sal ontvang, asook insig in die waarheid en die hoop op die ewige lewe. Hy bid ook dat hulle die krag en mag van die Here op ’n daadwerklike wyse sal ervaar. Paulus vra hierdie dinge vanweë God se almag. Hy het immers vir Jesus uit die dood opgewek, ’n gebeurtenis wat die grondslag van die Efesiërs se hoop op die ewige lewe in Christus is. Paulus sluit sy gebed af – ’n gebed wat hy hier op skrif stel en aan die Efesiërs rig – deur gemeentelede aan “die rykdom van die heerlikheid” en aan “sy erfdeel onder die heiliges” te herinner. Vir die gelowiges in Efese was dit seker vreeslik bemoedigend om te hoor dat Paulus vir hulle bid, en ook waaroor hy gebid het.

Lees Filippense 1:3-11 en let op die trant van sy gebed. Gestel jy was ’n lid van die gemeente in Filippi en julle ontvang ’n brief soos dié van Paulus, waarin hy nie net noem dat hy vir julle bid nie, maar ook die inhoud van daardie gebede bekend maak. Hoe sal jy daarvoor voel, en hoekom? Van watter beloftes maak Paulus melding in sy skrywe? Tog sluit hy ook bepaalde vermanings in. Waarteen maan hy?

Hier het ons van die mees besielende en bemoedigende woorde in die Bybel. Dit is propvol beloftes. Hier is ook beroepe op die gelowige om met die liefde, kennis en onderskeidingsvermoë van God gevul te wees – alles dinge wat kom deur ’n persoonlike wandel met Jesus – sodat ons alles kan wees wat God begeer ons in Jesus moet wees.

Magte wat die mens nie kan sien nie

Voorbidding is 'n magtige wapen in hierdie stryd tussen goed en kwaad, 'n stryd wat ons sommer kortweg “die groot stryd” noem. Die kom veral duidelik na vore in Daniël 10.

Jy onthou seker dat Jeremia die Babiloniese inval en 'n 70 jaar lange ballingskap vir die Joodse volk voorspel het. Daniël was op 'n gevorderde leeftyd toe hierdie tyd veronderstel was om tot 'n einde te kom. Die profeet was egter bekommerd. Dit het nie juis gelyk of Jeremia se woorde bewaarheid gaan word nie. Die Jode was steeds in Babilon. Babilon is reeds deur die Mede en die Perse verower, en tog duur die Jode se ballingskap voort. So besluit Daniël dan om drie weke lank te vas en te bid. Hy gaan op sy knieë en doen voorbidding vir die volk. Toe, na afloop van die vastyd, verskyn daar 'n engel aan hom.

Lees Daniël 10:10-14. Wanneer is Daniël se gebede verhoor? Hoekom dié tydelike vertraging?

Hierdie skrifgedeelte is besonder fassinerend. Kom ons identifiseer egter eers die persone na wie Daniël hier verwys, ten einde hiervan sin te maak. Wie is “die vors van die koninkryk van die Perse?” Beslis nie Kores nie (*wat die koning van die Persiese Ryk was*). Hierdie sinsnede dui waarskynlik op Satan. Jesus het hom immers “die owerste van hierdie wêreld” genoem (*Joh. 12:31 en 14:30, NAB en OAB*), en Paulus sê dat hy “die owerste van die mag van die lug” oftewel “die vors van die onsigbare magte” (*Ef. 2:2, OAB en NAB*) is. As die vors van die koninkryk van die Perse dus Satan is, is die vraag net: wie is Migael? Migael is 'n naam wat vyf keer in die Bybel verskyn (*in Op. 12:7, Judas 9, Dan. 10:13 en 21, en ook in hfst. 12:1*). 'n Noukeurige studie van dié skrifgedeeltes bring aan die lig dat Migael (wat “Die een wat soos God is” beteken) 'n ander naam vir Jesus is. Dit dui op Hom as Bevelvoerder oor al sy engele in die stryd teen Satan en die bose. Christus is die ewig-bestaande, almagtige en hemelse Seun van God. Een van sy funksies as Bevelvoerder oor die engele is om die groot stryd te wen en Satan uiteindelik te vernietig. Daniël 10 is 'n kykie agter die kosmiese skerms en toon die stryd tussen goed en kwaad. Terwyl Daniël bid, kom Migael – die almagtige Jesus – vanuit die hemel om die helse magte te verdring. Hoewel 'n mens dit nie kan sien nie, is Jesus inderdaad ook aktief besig om ons gebede te verhoor wanneer ons vir ander intree. Hy is 'n magtige Verlosser. Hy kyk nie 'n enkele gebed mis nie.

Hoe beleef jy die groot stryd as 'n werklikheid in jou eie lewe? Wat sê dit vir 'n mens oor die tipe keuses wat die gelowige behoort te maak, siende dat ons ons inderdaad in hierdie kosmiese konflik bevind?

Gebedsbrandpunt

In die Bybel val die klem deurgaans op die feit dat die gelowige spesifiek moet wees wanneer hy of sy bid. Gebed is nie 'n vae verlange nie. 'n Mens bid oor bepaalde dinge. Let byvoorbeeld op Jesus wat pertinent sy dissipels aan die Vader opgedra het. Let ook op die apostel Paulus wat bepaalde gemeentes aan die Here opgedra het, soos die Efesiërs, die Filippense en die Kolossense. Hy het ook vir sy jong medewerkers soos Timoteus, Titus en Johannes Markus gebid.

Lees 1 Samuel 12:22-24 en Job 16:21. In watter opsig stem hierdie twee skrifgedeeltes ooreen? Wat sê dit vir 'n mens oor voorbidding?

Beide Samuel en Job beklemtoon die behoefte aan voorbidding wat opreg is en waarin die bidder ook spesifiek is. In dié verband druk Samuel hom besonder sterk uit. Vir hom is dit 'n gewigtige saak: “Ook ek sal nie teen die Here sondig deur op te hou om vir julle te bid nie” (*1 Sam. 12:23, NAB*). Job se woorde herinner sterk aan dié van Samuel. Die Nuwe Lewende Vertaling stel dit so mooi in die Afrikaans: “O, dat iemand 'n middelaar sal wees tussen my en God, soos iemand pleit vir sy vriend” (*Job 16:21*). Om by die Here vir jou medemens te pleit, jou medemens wat nog nie 'n ontmoeting met Christus gehad het nie – dít is inderdaad waartoe ons geroepe is.

Lees 1 Johannes John 5:14-16. Wat gebeur wanneer 'n mens voorbidding vir ander doen?

Wanneer 'n mens voorbidding doen, word jy 'n kanaal waarlangs God se seëninge na ander vloei. Uit die hemel stuur Hy strome lewende water deur die bidder, na diegene vir wie gebid word. Satan en al sy bose magte sidder ten aanhore van opregte voorbidding. Ellen G. White beskryf die krag van gebed op 'n besonder veelseggende wyse: “Satan kan dit nie verdra wanneer versoeke aan sy groot teëstander gerig word nie. [Waarom?] – omdat die krag en majesteit van die Here hom met vrees en bewing vul. Satan en al sy bose magte sidder ten aanhoor van vurige gebed” (*Testimonies for the Church*, vol. 1, bl. 346). In die groot stryd om elke aardbewoner se ewige lot is dit gebed wat die gelowige met die Bron van alle hemelse mag verbind.

Lees Matteus 18:18 en vers 19. Wat het hierdie skrifgedeelte met voorbidding te make? Hoe spoor dit ons aan om saam met ander te bid vir die verlossing van die diegene wat nog nie die Here ken nie?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “*The Privilege of Prayer*” op bl. 93-104 in *Steps to Christ*, asook “*Work for Church Members*” op bl. 19-24 in *Testimonies for the Church*, vol. 7. Wanneer ’n mens vir ander bid, sien die Here jou toewyding aan en afhanklikheid van Hom raak; en Hy eer jou pogings deur al die hemelse hulpbronne ter transformering van die mens in te span. Soos ons gebede die troonkamer bereik, spring die engele dadelik in, op bevel van die Here. “Engele wag om Gods troon, slaggereed om die Hemelkoning se mandaat uit te voer – naamlik om elke gebed wat opreg en gelowig gebid word, te verhoor” (Ellen G. White, *Selected Messages*, book 2, p. 377). Ons het ook die versekering dat elke kosbare gebed Sy aandag geniet. Absoluut niks bly agterweë nie. Nee, elkeen word in die skatkamers van die hemel bewaar, om op die plek en tyd wat Hy bestem het, verhoor te word. “Gebede wat gelowig gebid word, verdwyn nooit bloot ‘tussen neus en ore’ nie. Tog is dit verwaand om te wil beweer dat ons presies sal kry waarvoor ons gevra het en boonop op die presiese manier wat ons dit te wagte was” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 1, bl. 231). Watter bemoediging put ’n mens uit hierdie aanhaling vir daardie kere wanneer jy voorbidding vir ’n ongelowige lewensmaat, vir ’n seun of dogter, vir familielede, vir vriende en vir kollegas doen. Nie ’n enkele opregte gebed bly vergete nie. Hoewel ons gebede nie altyd oombliklik verhoor word nie, werk God wel met diegene vir wie ons bid; en Hy doen dit op maniere wat eers in die hiernamaals aan die lig sal kom.

Vrae vir bespreking:

1. Lees Filippense 1:19, Kolossense 4:2 en 3, asook 2 Tessalonisense 3:1 en 2. Watter versekering het Paulus tydens sy gevangenskap, danksy die Filippense se gebede, gehad? Paulus het vir die Kolossense en Tessalonisense gevra om vir hom te bid. Waarvoor moes hulle namens hom vra? Hoe hou die versoeke wat ’n mens tydens voorbidding opper, verband met siele wen vir Christus?
2. Bepens die groot stryd as ’n werklikheid en die feit dat dit die onderbou van ons gevalle wêreld vorm. Hoe help kennis oor hierdie groot stryd ’n mens om die belangrikheid van gebed te besef? Ons weet wel dat Jesus die oorwinning behaal het, en dat Hy en sy kinders uiteindelik sal triomfeer. Tot dan moet ons egter iets doen: ons moet bid en alles in ons vermoë doen om getrou aan Hom te bly, en ons moet ons vir sielredding beywer. Waarom is dit so belangrik dat ons ons hiermee besig hou?
3. Watter struikelblokke keer dat gelowiges ’n meer doeltreffende voorbiddingslewe lei? Watter soort verskonings gebruik jy (indien jy dit wel doen) om nie meer te bid vir diegene wat voorbidding nodig het nie?